BLOUBERG PROBUS - 'N KLUB MET 'N VERSKIL

'n Probusklub met 'n verskil - so dink die Probusklub van Blouberg graag aan homself. Die grootste verskil van die gewone Probusklub is waarskynlik in sy buitengewone, informele, onortodokse - soms selfs avontuurlike - uitstappies.

Blouberg Probus laat hom nie geografies vaspen nie en afstande skrik hom nie af nie. Bestemmings soos Swakopmund aan die soom van die Namib-woestyn, die Kgalagadi- oorgrenspark in die Kalahari (Tweerivieren) en die Nasionale Kruger-wildtuin (Olifants, Letaba en Tambotie-tentkamp) is met groot welslae besoek. Oor Buenos Aires in Argentinie begin die oe al blink.

Die manne is lief om te braai. 'n Kenmerk van ons uitstappies is dat minstens op een aand - soms meer - die braaivleisvure aangesteek en die roosters te voorskyn gehaal word. 'n Veteraanlid, Sakkie Bruwer, is ons braaimeester. Gewillige hande ontbreek nie om te help met die slaaimakery, skinkery en dies meer nie. Ons is 'n groep wat in 'n lekker gees soos 'n span saamwerk. Die gebruik om vleis grootmaak te koop en self te braai, het natuurlik die voordeel dat dit uitstappies bekostigbaar maak vir selfs vir diegene wat nie van hou om hand in sak te steek nie

Ons reis per vliegtuig, per trein, per bus, per motor -- watter vervoermiddel in die omstandighede die aangewese is. Na die Krugerwildtuin is byvoorbeeld met 'n hele konvooi motors opgeruk. Die eerste aand is by die Gariepdam laer getrek vir die tradisionele braai. Die tweede aand was die groep in Sabiepark waar een van die klublede 'n bostuiste besit. Op 'n keer is met die Trans-Karoo-sneltrein Johannesburg toe gery vir 'n kuiertjie van 3 nagte by Carnival City.

Van ons uitstappies is uit-en-tuis-geleenthede wat net een dag of 'n dag en 'n aand duur. Soms is ons vier of vyf dae uithuisig, soos met Swakopmund (waar die casino groot aftrek gekry het!), Kgalagadi en die Kruger-wildtuin, asook 'n uitgebreide Oos-Kaaplandse toer wat ons o.m. na die Addo-olifantpark die Nasionale Tsitsikamma-park geneem het.

Ons blyplekke verskil soos ons vervoermiddels. Ons is baie lief vir selfsorg-huisies, -chalets en -rondawels. Soms is dit heel nederig. Ander kere val die keuse egter op deftige hotels (Die casino in Swakopmund, Carnival City, ens).

Van die ander uitstappies wat al deur Blouberg Probus onderneem is, is die volgende:

* 'n Besoek aan Witsand vir 3/4 dae waar ons self gebraai en een aand gaan uiteet het by 'n restaurant;

* 'n Twee-dae-uitstappie na Swartriet. Ons het die Vlakvarkgat, Patermoster en Mykonos besoek
en tweemaal lekker gebraai;

* 'n Hele paar uitstappies na Montagu waar ons op spesiale aanbiedings drie dae bly en net vir twee dae betaal.
Ons koop 'n halwe skaap, braai een dag en maak potjiekos die volgende dag. Die uitstappies sluit gewoonlik 'n wynproe by die Weltevredewynplaas by Roberston in.

* 'n Besoek aan Plettenbergbaai (Keurbooms- chalets) waar ons gebraai het en ook gekuier het by Robberg
en by die Knysna-waterfront waar ons middagete geniet het.

* 'n Twee-dae- uitstappie na Tulbagh se woonwapark plus uiteet by 'n wynhuis, een na Hermanus en Stanford, een na Citrusdal een na Saldanha , asook een na Matjiesfontein en Sutherland. (Oral lekker gebraai!)

'n Gewilde daguitstappie is 'n jaarlikse besoek aan die Kenilworth-perdewedrenbaan waar 'n geldjie op 'n perdjie of wat gewaag word en waar die tafels kreun van kos. Ander kuierplekke vir etes saam met ons vroue sluit in die KWV in die Paarl, Jan se Gat (Koeberg), Gansekraal, die Ou Meul, Philadelphia, die Durbanville Hills-wynlandgoed, asook die Koeberg-rolbalklub (waar ons gereelde vergaderings nou plaasvind) en die Ou Skip-kampterrein (waar ons gereelde vergaderings voorheen gehou is).

Ons glo die gereelde saamkuier met ons vroue - ons "vennote" en almal al vriendinne van mekaar - dra grootliks by tot die sukses van die klub.

Die klub het selde sprekers by sy vergaderings. Twee sprekers wat egter met vrymoedigheid aanbeveel kan word, is dr. Frans Hugo, hoof van die geheuekliniek van die Panorama Medi-Clinic, oor alle aspekte rakende geheue (021-930-2177) en dr. Leopold Scholtz, historikus en adjunk-redakteur van Die Burger, oor enige aktuele onderwerp (021-406-2222).

Vir nadere besonderhede oor enige van bogenoemde uitstappies, skakel Sakkie Bruwer (021-553-4468).

Hennie van Deventer
Posbus 204
Kernkrag
7440
30 April 2006

Mej. Elise Ferreira
NG gemeente Berg-en-Dal

Geagte mej. Ferreira

BERG-EN-DAL 50

Dankie vir die geleentheid om ‘n vraelys te voltooi met die oog op Berg-en-Dal se Gedenkbylae. Hiermee die voltooide vraelys, plus ander dokumente:

Aanhangsel 1: Hoofstuk met die titel *Koerantman* uit ‘n ongepubliseerde manuskrip met die titel *Die Kerk op die voorblad.* Verwysings kom hierin voor na die onstuimige jare 80 toe ek – weens die politiek van die dag – nogal omstrede redakteur van Die Volksblad was. Ek was toe ouderling in Berg-en-Dal.

Aanhangsel 2: Hoofstuk met die titel *Oom Ghriespomp se Garage* uit dieselfde manuskrip. Hierin word gefokus op veranderinge in die kerk. Spesifieke verwysings na Berg-en-Dal is oor die dra van togas en kanseltaal.

Aanhangsel 3: Uittreksels uit dieselfde manuskrip rakende die “politieke turbulensie” in die jare 80, wat ek as “laagtepunt” vermeld.

Aanhangsel 4: Uittreksel uit dieselfde manuskrip: Berg-en-Dal as baanbreker met ‘n bruin leraar op die kansel (een van die “hoogtepunte”), en ‘n (humoristiese) verwysing na vroulike diakens.

Aanhangsel 5: Die Kerkbode as bylae in die dagblaaie: die rol wat ek daarin gespeel het.

Aanhangsel 6: Uitbreiding op antwoorde, humorstukkies , ens.

Ek sluit ‘n foto in van my en dr. Tienie Zeeman, enkele “feesversies” vir Berg-en-Dal en ‘n eksemplaar van my loopbaanboek *Kroniek van ‘n koerantman* waarin verwysings na Berg-en-Dalk voorkom. Moontlik sal u dit in u argief wil hou.

Van die stukke is op die ingeslote kasset. Die redaksie kan uit al die stof pik wat hy wil as hy dit relevant en ter sake ag.

Allerbeste wense vir u groot taak om die fees te reël.

HENNIE VAN DEVENTER